PREEKNOTA

Datum: **29/09/2024**

1. Wat as dit wat ons kort, nog die hele tyd voor ons was?

Matteus 11:25 (DB) “Baie dankie, Vader… dat u boodskap so duidelik en eenvoudig is.”

2. 3 Duidelike en eenvoudige uitnodigings

UITNODIGING EEN: GEE

Lukas 18:22 (DB) [22]Daarop antwoord Jesus: “Wel, dan is daar nog net een klein dingetjie wat jy moet doen. Gaan verkoop al jou besittings. Gee dan…. en word een van my volgelinge.

UITNODIGING TWEE: DIEN

Matteus 20:26-28 (DB) As een van julle in God se oë belangrik wil wees, moet hy bereid wees om ander te dien. [28]Kyk na My: Ek is die Seun van die mens….Ek het gekom om te dien.

UITNODIGING DRIE: WEES LIEF

Johannes 13:34 (DB) “Julle moet mekaar liefhê. Dit verwag Ek van julle. Kyk hoe lief het Ek julle. Laat dit vir julle die voorbeeld wees van hoe lief julle mekaar moet hê.”

Mekaar – Jou Mense
Mekaar – Ander Mense

Matteus 5:43 (NLV) [43]“Julle het gehoor dat gesê is: ‘Jy moet jou eie mense liefhê, maar jy hoef nie jou vyand lief te hê nie, [44]Maar Ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê.”

3. Hoekom is dit moeilik om ander lief te hê?

“Hulle is nie soos ek nie…en hulle swak, slegte sonde is groter, erger en meer as myne… daarom verdien hulle nie my liefde nie.”

4. Hoe lyk dit as iets anders as liefde jou dryf?

Johannes 8:4-6 (NLV) [4]Hulle sê vir Hom: “Leermeester, hierdie vrou is betrap terwyl sy besig was met ’n daad van owerspel. [5]Moses het in die wet aan ons die opdrag gegee om sulke vroue te stenig, maar wat sê u daaroor?” [6]Dit het hulle net gesê om Hom te toets sodat hulle iets kon kry om Hom oor aan te kla. Jesus het egter afgebuk en met sy vinger op die grond geskryf.

“Hulle is nie soos ek nie…en hulle swak, slegte sonde is groter, erger en meer as myne… daarom verdien hulle nie my liefde nie, hulle verdien my oordeel.”

Handelinge 15:4-5 (AFR83) Hulle het toe aan die kerk in Jerusalem verslag gedoen van al die groot dinge wat God deur hulle laat gebeur het. [5]’n Klompie Fariseërs wat intussen ook tot bekering gekom het, was geskok toe hulle hoor hoe Paulus en Barnabas onder nie-Jode gewerk het. “Julle moet daardie mense dadelik laat besny. Julle moet ook sorg dat hulle die wet van Moses streng onderhou,” het hulle gesê.

5. Wat gebeur met jou as iets anders as liefde jou dryf?

JY RAAK BLIND, VIR DIE GENADE EN OOK VIR WAT GOD DOEN.

Johannes 8:7-9 (NLV) [7]Toe hulle aanhou om vrae te vra, het Jesus regop gestaan en vir hulle gesê: “Laat die een onder julle wat sondeloos is, die eerste een wees wat ’n klip na haar gooi.” [8]Daarna het Jesus weer gehurk en op die grond geskryf. [9]Nadat hulle dit gehoor het, het hulle een vir een begin weggaan, eerste die familiehoofde. Jesus is alleen agtergelaat terwyl die vrou nog in hulle midde staan.

Johannes 8:10-11 (NLV) [10]Toe Jesus weer orent kom, het Hy vir haar gesê: “Vrou, waar is hulle heen? Het niemand jou veroordeel nie?” [11]Sy het geantwoord: “Niemand nie, Meneer.” Jesus sê toe vir haar: “Ook Ek veroordeel jou nie. Gaan maar, en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”

“People that were nothing like Jesus liked Jesus and He liked them back.” – Andy Stanley

Handelinge 15:10-11 (DB) [10]“Vir wat wil julle dan nou God se geduld op die proef stel deur ’n swaar gewig op gelowiges se nekke te plaas wat ons en ons voorouers nie eens kon optel nie? Hoekom verwag julle van mense wat nie Jode is nie om al ons Joodse gebruike na te kom? [11]Begryp julle dan nou nog nie dat ons uit genade deur ons Here Jesus gered word nie? Ons verdien dit nie. Hy red ander mense op presies dieselfde manier as vir ons.”

6. Wat sal gebeur en hoe sal ons dorp lyk – as ons mense liefhet soos Jesus ander liefhet – liefde sonder verdienste?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeenteprediker:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za
FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za
19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za
30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za
40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za
50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za
60 jaar en ouer: LUCAS NIEMAND
083 233 4000 I lucas@kg.org.za